**2 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 119:9-16; LUKAS 2:41-52**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 119:9; LUKAS 2:49**

## Soos die Kind Jesus in Jerusalem

Die "U" in Psalm 119 is die lofwaardige Here, die Wetgewer, die Vader van ons Here Jesus Christus.

Die jongmens word in vers 9 voor die "U" van Psalm 119 gestel. "Waarmee sal die jongeling sy pad suiwer hou? Deur dit te hou na u woord." Jonkwees kan moeilik wees vanweë al die struikelblokke en versoekinge. Jonkwees kan ook vol uitdagings wees. Die jongmens se hele lewe lê voor hom of haar oop soos 'n avontuurlike pad wat niemand anders as hy of sy self kan stap nie. Die jongeling moet sy pad hou "na U woord'.

Die psalmdigter sê hoe dit moet gebeur: Soek die HERE met jou hele hart! Hoe soek jy die Here? Bid (vs. 10); bewaar die Woord (vs. 11); praat daaroor (vs. 13); en oordink sy bevele (vs. 15)! Hiervoor is die werking van die Heilige Gees nodig. Hy werk in die hart; Hy skryf die wet op die tafel van ons hart; Hy dryf ons om die HERE te soek met ons hele hart; en Hy werk in ons die lus en die liefde om volgens die wil van God in alle goeie werke te lewe (HK, So. 33). Die jongeling moet God bid om sy genade en sy Heilige Gees.

So word die jongeling, hoe langer hoe meer, gelykvormig aan die beeld van die Seun van God, die Kind Jesus, wat in Jerusalem vir sy ouers gesê het (Luk. 2: 49): "Waarom het u My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die dinge van my Vader moet wees nie?"

*Sing: Psalm 40:4* *Ds Faan Smit (Oos-Moot)*